

Oktober 2018

RUSLAND: 2 – 15 Junie EN 4 – 17 Augustus 2019 NADERE BESONDERHEDE

Prys: R36 675 plus *verpligte uitgawes van ± R6 500 én reisversekering

- Vlieg met **EMIRATES Johannesburg/Kaapstad – Dubai – Moskou.**
- Opwindende bootvaart van Moskou na St Petersburg.
- Onderneem besigtigingstoere en uitstappies by elke vasmeerplek waar aan land gegaan word.
- Talle ekstras in die vorm van eg-Russiese opvoedkundige, vermaaklikheids- en ontspanningsgeleenthede.
- Die boot bied talle opsionele uitstappies vir passasiers aan. Die meeste van hierdie uitstappies, ter waarde van meer as R6 000, word uit die staanspoor by CvW-Toere se toerprys ingesluit.
- Drie volledige etes per dag.
- Terugvlug **St Petersburg – Dubai – Johannesburg/Kaapstad.**

NIE BY DIE TOERPRYS INGESLUIT NIE (*Verpligte uitgawes)

- *Footing vir gidse, busbestuurders en bootpersoneel. U betaal dit vooraf in Suid-Afrika sodat u nie u sakgeld gedurende die toer daarvoor hoef te gebruik nie. Die footing beloop ongeveer R1 500 per persoon.
- *Lughawebelasting/brandstofheffing: Ongeveer R5 000.
- Verkryging van paspoorte. Suid-Afrikaanse paspoorthouers benodig nie 'n Russiese visum nie. (Indien u nie oor 'n Suid-Afrikaanse paspoort beskik nie, benodig u 'n Russiese visum.) Kontak ons kantoor vir meer besonderhede.
- Reisversekering, waarvoor u later volledige besonderhede sal ontvang.
- Enkelkajuitbybetaling: R12 540. (Let wel: Daar is nie enkelkajuite op die boot in Rusland beskikbaar nie. Die bybetaling is dus vir die enkelgebruik van 'n dubbelkajuit.)
- 'n Beperkte aantal Junior Suites is beskikbaar teen 'n bybetaling van R12 200 per suite of R6 100 per persoon wat deel.
- Binnelandse aansluitingsvlugte: Bespreek en betaal dit self of reël deur ons agent, Benita Venter van Fernweh Travel.

OPSIONELE TOERE

In Rusland is feitlik alle opsionele toere wat deur die boot aangebied word, by u toerprys ingesluit. Behalwe vir die stadstoer in Moskou wat 'n besoek aan die Kremlin en die Rooiplein insluit, is 'n besoek aan die 'Armoury' asook die ondergrondse treinstasies en Arbat-sstraat in Moskou uit die staanspoor by die toerprys ingesluit.

'n Besoek aan die sirkus in Moskou (± 75 Euro) – indien daar 'n vertoning is – en 'n 'Moscow by night'-busuitstappie (± 35 Euro) is opsioneel. Die bootmaatskappy wil vooraf die getalle hê van persone wat die sirkus wil bywoon, omdat kaartjies vooruit bespreek en betaal moet word. Die 'Moscow by Night'-uitstappie word eers in Rusland bespreek en betaal.

In St Petersburg is 'n stadstoer, besoek aan die Hermitage-museum, die St Isaac-katedraal, Peterhoff (die tuine en somerpaleis van Tsaar Peter die Grote), 'n folklore-vertoning, 'n kanaalvaart én 'n middagete in 'n plaaslike restaurant op die laaste dag van die toer by u toerprys ingesluit. 'n Balletvertoning is opsioneel (± 140 Euro) en sal slegs kan realiseer indien daar op die betrokke aand 'n uitvoering beskikbaar is. Ingeskrewe toerlede ontvang later 'n strokie waarop opsionele uitstappies vooraf bespreek kan word.

BEREKENING VAN TOERPRYS

Die toerprys is onderhewig aan 'n minimum van 20 ingeskrewe toerlede en is uitgewerk per persoon wat deel. Soos met enige ander toer is hierdie toer ook aan faktore buite ons beheer (bv wisselkoersveranderinge, lughawebelasting en brandstofpryse) onderhewig wat die toerprys kan beïnvloed.

DEPOSITO

'n Deposito van R6 000 per persoon is met inskrywing betaalbaar om u plek op die toer te bevestig. Volledige besonderhede ivm die aankoop van vliegkaartjies, reisversekering ens word vroegtydig per omsendbrief aan toerlede gestuur.

'n Tjek uitgemaak aan **CHRISTINE VAN WYK-TOERE**, afskrif van 'n bankdepositostrokies* of bewys van elektroniese oorbetalings (EFT) moet saam met die Inskrywings- en Vrywaringsvorme aan ons gestuur word.

**Voeg die ekstra heffing, soos deur u bank bepaal, by kontantbetalings.*

Bankbesonderhede:

Christine van Wyk-Toere

Standard Bank, Pretoria-Noord

Rekeningnommer: 410 722 782

Takkode: 01-04-45 of 05-10-01

TERUGBETALING, INDIEN VAN TOEPASSING

Aangesien die toergeld lank vooruit aan ons oorsese agente betaal moet word, is die volgende van toepassing:

- ▶ Indien toerlede genoodsaak is om 4 maande vóór vertrek van die toer (**dus 2 Februarie vir die Junie toer óf 4 April 2019 vir die Augustus toer**) te kanselleer, kry hulle by **skriftelike** kansellasie **R5 500** van die deposito terug.
- ▶ Indien toerlede genoodsaak is om tussen **2 Februarie en 2 Maart óf 4 April en 4 Mei 2019** te kanselleer, kry hulle by **skriftelike** kansellasie **R5 000** van die deposito terug.
- ▶ **Ná 2 Maart óf 4 Mei (maw 3 maande voor vertrek van die toer)** word **geen** deposito's terugbetaal nie. Sien KANSELLASIE.
- ▶ Indien 'n toerlid **vanweë siekte** genoodsaak is om te kanselleer voor die finale toerprys betaal is, dws voor **2 Maart óf 4 Mei 2019**, word die **volle deposito minus R500** administratiewe koste by voorlegging van 'n doktersertifikaat terugbetaal sodra ons u bankbesonderhede ontvang. In die geval van kansellasie as gevolg van siekte ná betaling van die volle toerprys, geld u reisversekeringsdekking (sien KANSELLASIE).

KANSELLASIE

Sodra die nodige reisversekeringspolis wat vir kansellasiedekking voorsiening maak uitgeneem is, kan u, indien u genoodsaak is om die toer te kanselleer, u geld van die versekeringsmaatskappy terugeis. Die rede vir kansellasie moet natuurlik kragtens die polis aanvaarbaar wees. Volledige besonderhede oor reisversekering sal aan almal wat inskryf, gestuur word. Toerlede het die keuse om hul versekering deur CwW-Toere uit te neem of dit privaat te doen en dan net die reisversekeringsdokumente as bewys aan ons te verskaf.

FINALE BETALING

Die volle toerprys plus alle ander geld (lughawebelasting, footjies, versekering ens) moet 3 maande voor vertrek van die toer (maw teen 2 Maart óf 4 Mei 2019) of so gou moontlik daarna, indien u in 'n later stadium inskryf, betaal word. Die toerprys word direk aan Christine van Wyk-Toere betaal – nie per kredietkaart nie, maar deur tjeks te pos, te deponeer of internetoorplasinge te maak.

VLIEGKAARTJIES EN KONSESSIEHOUDERS

Alle toerlede vlieg met Emirates. Die groepkaartjies word deur **Benita Venter** van **Fernweh Travel** uitgereik. Konsessiehouers of persone wat om een of ander rede nie die groepvlug wil gebruik nie, kan die **vlugprys** van **R5 269** van die toerprys aftrek. (Let asb daarop dat u die deposito wat ons op u groepvlug betaal het, kan verbeur.) Emirates aanvaar nie kredietkaartbetalings vir groepvlugte nie.

Ons het twaalf direkte retoervlugte tussen Kaapstad en Dubai bespreek vir albei toere, sonder enige ekstra koste. Daar is dus net 'n beperkte aantal vlugte vanaf Kaapstad. Persone wat eerste inskryf, kry voorkeur.

ENKEL-AKKOMMODASIE

Toerlede kan 'n dubbelkajuit vir enkelgebruik bespreek, mits hulle bereid is om 'n bedrag by te betaal. U spaar baie indien u 'n kajuitmaat het. Probeer gerus 'n kennis oorreed om saam te gaan. Ons probeer om vir enkelopende toerlede geskikte kajuitmaats uit die ander inskrywings te vind, **maar staan onder geen verpligting om dit te doen nie.**

PASPOORTE EN MINDERJARIGE REISIGERS

Maak seker dat u paspoort vir minstens 6 maande ná afloop van die toer nog geldig is. Daar moet ook genoeg skoon bladsye in u paspoort wees vir doeanestempels. **LW: Doen dadelik aansoek vir u nuwe paspoort indien dit verval het. Kinders onder 18 jaar wat saam met u reis, benodig 'n "Unabridged"-geboortesertifikaat. Dit neem ongeveer drie maande om só 'n sertifikaat van die Departement van Binnelandse Sake te bekom. (Dit is 'n geboortesertifikaat waarop albei ouers se volle name en ID-nommers verskyn.)** U sal nie toegelaat word om sonder hierdie sertifikaat te reis nie.

BELANGRIK

Ons kan ongelukkig vir niemand plek hou nie. 'n Inskrywing is eers geldig wanneer ons die **deposito tesame** met die **Inskrywingsvorm** en **getekende Vrywaring van elke toerlid** ontvang het. Die Inskrywingsvorm moet asseblief volledig voltooi word.

Wanneer ons u Inskrywingsvorm, getekende Vrywaring en deposito ontvang, stuur ons aan u Omsendbrief 1 met al die nodige besonderhede ivm klere wat u moet saamneem en dies meer. Daarna ontvang u nog omsendbriewe met tersaaklike nuus en inligting. **Dui enige kontakbesonderhede (adres of telefoonnommers) wat verander, duidelik op u briefwisseling met ons aan.**

BELANGRIK: TOERFIKSHEID

Voornemende toerlede moet besef dat hulle deel vorm van 'n groep en dat hulle fisieke en emosionele omstandighede op geen manier die groep se belange mag benadeel nie. Mense wat byvoorbeeld moeilik beweeg, kan die groep vertraag. Toerlede kan nie verwag dat medetoerlede hulle moet help of bystaan nie.

'n Basiese riglyn vir toerfiksheid is dat 'n mens onafhanklik in-en-uit 'n toerbus moet kan klim, onafhanklik 'n stel trappe kan klim en ongeveer 1 km op jou eie moet kan stap.

Persone wat deurentyd hulp of bystand nodig het, MOET iemand saamneem wat na hulle kan omsien.

Ons sien daarna uit om weer hierdie besondere toer aan 'n gelukkige groep toerlede te bied.